

EGTE JUWELE VIR DIE SLAAP- KAMER


GEBREI EN GEHEKEL

BENODIGDHEDE: Pinguin-hekelgaring Nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle), ongeveer 6 keëls; breinaalde van 2,75 mm en hekelpen van 1,50 mm. Vir een gebreide strook ongeveer 175 g; vir één gehekelde randmotief ongeveer 25 g.

LET WEL: Die deken bestaan uit gebreide stroke met 'n gehekelde rand en kan na wense vergroot of verklein word. Ons vestrek dus die afmetings van een patroontjie (deel van 'n gebreide strook) en een gehekelde randmotief.

MATE: 1 gebreide patroontjie: 30 cm lank en 22 cm breed; 1 gebreide strook is 22 cm breed en 190 cm lank; 1 gehekelde patroontjie is 22 cm breed en 30 cm lank. Vir 'n enkelbed word 4 gebreide stroke en 'n gehekelde randstrook van 22 patroonherhalings gebruik.

SPANNING: Breiwerk: 32 ste en 44 rye met 2,75-mm-breinaalde = 10 x 10 cm.



AFKORTINGS: Brei: r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); beg – begin; herh – herhaal; weersk – weerskante; pat – patroon; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; ks – koussteek = 1 ry regs, 1 ry aweregs; oks – omgekeerde koussteek; ms – mossteek, = 1e ry: r 1, aw 1 deurgaans; 2e en alle vlg rye: r die aw-ste en aw die r-ste.
Hekel: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen.

GEBREIDE STROOK: Stel 79 ste op.

1e ry: aw.

2e ry: r.

3e ry: aw.

4e ry: r.

5e ry: * aw 2, r 5 *; herh van * tot *, eindig met aw 2.

6e ry: * r 2, aw 5 *; herh van * tot *, eindig met r 2.

7e en 8e ry: Soos 5e en 6e ry.

Herh 1e tot en met 8e ry nog 4 keer, herh van 1e tot en met 4e ry nog een keer — 36 rye.

DIAMANTMOTIEF: 37e ry: aw 2, (r 5, aw 2) 2 keer (= 16-st-rand); beg met r 1 en brei ms 47, aw 2, (r 5, aw 2) twee keer (= 16-st-rand); herh 1e tot 8e ry deurgaans.

Brei 12 rye ms — 48 rye.

Beg vorming van diamant-pat. Verspring (stagger) die r-ste.

49e ry: aw 16 rand-ste, ms 19 ste, aw 9 ste, ms 19 ste, aw 16 rand-ste.

Volg patroon vir 3 rye.

53e ry: 16 rand-ste, ms 19, (aw 2, r 5, aw 2) oor die 9 aw-ste, ms 19, 16 rand-ste.

54e ry: 16 rand-ste, ms 19, r 2, aw 5, r 2, ms 19, 16 rand-ste.

55e ry: 16 rand-ste, ms 17, aw 4, r 5, aw 4, ms 17, 16 rand-ste.

L.W.: Vermeer die diamantvorming met 2 ste aan weersk, elke 4e ry, tot dit 33 ste breed is.

Raadpleeg verder die diagram.

HEKELMOTIEF: Beg met 77 ks.

Onthou dat elke ry met 3 ks vir 1e lb begin.

1e ry: Beg in 4e ks vanaf hekelpen met 5 lb, 5 ks, slaan 7 ks oor, 25 lb in vlg 25 ks, (2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb) 4 keer, 1 lb in vlg st, 1 ks, slaan 1 st oor, 5 lb, 3 ks, slaan 3 ste oor, 3 lb, 3 ks, slaan 3 ste oor, 5 lb, 1 ks, slaan 1 st oor, 2 lb, 2 ks, slaan 2 ks oor, 3 lb, 3 draai-ks.

2e ry: Slaan 1e lb oor, (die 3 draai-ks is 1e lb), 2 lb, 2 ks, 2 lb op lb, 6 ks, slaan 6 ste oor, 9 lb, 6 ks, slaan 6 ste oor, 2 lb, (2 ks, 1 lb op vlg lb) 4 keer, 22 lb, 5 ks, 5 lb op 1e lb (werk deurgaans in agterste lus van lb), 5 lb in laaste lb van vorige ry, 3 draai-ks.

Raadpleeg diagram vir 3e tot en met 23e ry. Die 23 rye word deurgaans herhaal tot rand rondom deken pas. Wanneer rand lank genoeg is, moet 2 rye oor sykant gehakel word.



1e ry: 1 kb in 1e lus wat deur 3 ks gevorm word * 6 ks, 1 kb in vlg lus*, herhaal tot einde.

2e ry: 10 lb in elke 6-ks-ls.

AFWERKING: Werk stroke aanmekaar en werk omranding daarna in posisie vas.

VIERKANTE MET RIWWE

BENODIGDHEDE: Pinguin-hekelgaring nr. 8 (50-g-bolle of 250-g-keëls); vir enkelbed-



VAN BLADSY 75

grootte: 1,26 kg; vir dubbelbedgrootte: 1,82 kg; hekelpen van 1,00 mm.

MATE: Een vierkant is ongeveer 18 x 18 cm. Vir enkelbed, 162 x 252 cm, d.w.s. 9 x 14 vierkante - 126 vierkante. Vir dubbelbed, 234 x 252 cm, of 13 x 14 vierkante - 182 vierkante. Onthou dat een vierkant ongeveer 10 g weeg, wanneer jy die deken groter of kleiner wil maak.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; dsl - dubbelslagsteek; gs - glipsteek; sluit-gs - glipsteek in bopunt van 1e steek in ry om rondte te sluit; kb - kortbeen; krap-st - krapsteek = kortbeen van links na regs; herh - herhaal.

VIKANT: Beginry: 16 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

L.W.: Elke rondte begin met 4 ks vir eerste dubbelslagsteek; steek hekelpen deurgaans slegs in agterste lus van dubbelslag- en kettingsteke om sodoende 'n rif te vorm.

1e rondte: *4 dsl, 8 ks*; herh nog 3 keer, sluit-gs.


2e rondte: *4 dsl in 4 dsl, 4 dsl in eerste 4 ks, 8 ks, 4 dsl in tweede 4 ks, herh van * nog 3 keer, sluit-gs.

3e rondte: 8 dsl in 8 dsl, *4 dsl in eerste 4 ks, 8 ks, 4 dsl in tweede 4 ks, 12 dsl*, herh 3

NA BLADSY 184

DIAGRAM 1

foto of bl. 74



GEBREI EN GEHEKEL

Loop ligvoet
die somer
tegenmoet



DIE ONSIGBARE „WAIST-SHRINKER”

Super Droomgordel

vir mans en dames
van 18-80

'N TWEDE VEL

met

staalkragtige
verslankings effek

In twee sekondes 'n

opwindende
droomfiguur

Die oomblik wat u die WAIST-SHRINKER aansit, verdwyn u boepmagie, word u middel-lynn dunner, en u rug stewig gestut deur die unieke, byna onsigbare Super Materiaal van die spesiaal ontwerpte Droomgordel. Die resultaat van jarelange navorsing en uitgebreide toetse het 'n wêreldwye aanvraag vir die WAIST-SHRINKER geskep.

'N REVOLUSIONÊRE NUWIGHEID — elkeen sal twee keer kyk en u fantastiese figuur in noudsluitende hemde en langbroeke beny. U sou nooit in u wildste drome so 'n dramatiese verandering kon glo nie.

ONSIGBAAR, GEMAKLIK, SUPERVORMEND — drie moeilike eienskappe om saam te sluit, is met die WAIST-SHRINKER verkry.

ONSIGBAAR — vleiskleurig. Dit is byna so dun as nylonkouse. Van die oomblik af dat u dit aansit, kleeft dit aan jou liggaam soos 'n tweede vel.


GEMAKLIK — die onmoontlike het werklikheid geword met 'n revolusionêre SUPER MATERIAAL. Dit knyp nooit nie, aangesien elke vierkante millimeter superelasties en supersag is.

SUPER VORMING — is die grootste van die WAIST-SHRINKER.

SUPER DROOMGORDEL — sy vormingsvermoë werk soos 'n sterk spier — u voel dit nie. U merk net die betowerende resultate van MIDDELLYNKRIMPING.

BESTEL U GORDEL VANDAG NOG onder die 14-dae-waarborg van terugstuur en terugbetaling. Knip die advertensie uit en pos dit saam met u naam, adres, poskode en die afmetings van u middel-lynn. Sluit 'n posorder, kontant of tjek ter waarde van R16,50 (koopbelasting en posgeld inbegreep) in (sluit R4 as deposito in vir kba-bestellings) en pos aan:

EUROMAIL, Posbus 9731, Johannesburg 2000. (Centre Point-gebou, Marlboro).



8801/A

VAN BLADSY 76


keer, maar eindig laaste herh met 4 dsl in 4 dsl, sluit-gs.

4e, 5e, 6e, 7e rondte: Hekel op dieselfde manier as vorige ry, vermeer steeds 4 ste aan elke kant. Knip draad af.

8e rondte: Begin in hoek-ks, d.w.s. die 4e ks vanaf dsl op vorige ry, en hekel 4 ks vir 1e dsl, 2 gekruiste dsl, 1 dsl om groep te voltooi; kruis dsl deur die 2e dsl in 3e ks te hekel, en die 3e dsl agterin 2e ks te plaas; 7 ks, slaan 7 dsl oor, herh tot hoek. Vir hoek hekel 1 dsl, 2 gekruiste dsl, 1 dsl, 8 ks, 1 dsl, 2 gekruiste dsl en 1 dsl. Steek hekelpen steeds in agterste ls van elke steek en herhaal rondom.

9e rondte: gs oor 1e 4 ste, 4 ks (vir 1e dsl) in 1e van 7 ks, 1 dsl in agterste lus van elk van vlg 6 ks, *4 ks, slaan 4 dsl oor, 7 dsl rondom, maar hekel 8 ks by elke hoek; sluit-gs en knip draad af.

AFWERKING: Hekel soveel vierkante as benodig vir jou deken en werk dit met naald en garing aanmekaar of hekel dit met kortbene aanmekaar. Die deken op die illustrasie het geen rand nie, maar dit kan afgewerk word deur een ry kortbeen en een ry krapsteek rondom die hele deken te hekel.



2 Junie
Dinsdag 1981

gebeur altyd!
Wonderlike afspraak
gemis omdat ek in
die bed is met 'n
warmwatersak en
WAANDSTONDE PYNT!!